Dienelkander



Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

"Ek was baie bly toe ek van jou kinders teëgekom het wat in ooreenstemming met die waarheid lewe, volgens die gebod wat ons van die Vader ontvang het." 2 Joh. 1:4

10 Augustus 2025

BEDIENINGSDOELWIT VIR HIERDIE KWARTAAL:
GKPO WIL ELKE LIDMAAT AAN DIE WERK KRY.

Fil. 1:"[29] God het julle die voorreg gegee om Christus te dien, nie alleen deur in Hom te glo nie, maar ook deur vir Hom te ly."

Woordbediening

Verlede Sondag: Fil. 1 : 29
God het ons die ongelooflike voorreg geskenk om Christus te dien! Leef dit met toewyding en blydskap uit!

Vandag:
Ons het verlede Sondag gehoor wattter heerlike voorreg dit is om Christus te dien en hoe ons met blydskap en toewyding op hierdie voorreg moet reageer. Wanneer ons in die Nuwe Testament lees oor die wyse waarop gelowiges die Here gedien het, dan lees jy gereeld dat hulle hulself "slawe van Christus" noem. "Slaaf" is sekerlik 'n gepaste metafoor om "toewyding" te beskryf, maar ons koppel nie sommer "blydskap" aan hierdie metafoor nie? Waarin lê die geheim? Die vreugde lê nie in die werk wat ek doen nie, maar in die "Eienaar" vir wie ek dit doen! Is jy 'n blye slaaf van Christus?

09:30 OGGENDDIENS: Ds. Piet Venter

Tema: Christus maak ons toegewyde en dankbare "slawe" in sy diens!

Lofsang ter voorbereiding van die erediens
Ps. 45 - 1: 1, 5, 9, 10; Ps. 110 - 3: 1, 2 en Lied 470: 1, 3

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Lied 168: 1, 2, 3; Votum; Seën; Loflied Sb. 1 - 10: 1, 2, 3; Geloofsbelydenis: HK Sondae 11, 12 en 13; Sing Sb. 12 - 5: 1

Ons verootmoedig ons voor God
Wet: Efesiërs 4: 17 - 5: 5; Sing as antwoord op die wet: Sb. 3 - 4: 1, 5; Gebed

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: Galasiërs 3: 21 - 4:7;
Fil. 1: 1 en 29; Fil. 2: 5 - 11;
1 Kor. 7: 20 - 24
Teksverse: Fil. 2: 5 - 7
Sing Ps. 40 - 1: 4 (Kinderbediening); Woordverkondiging

Ons antwoord op die Woordbediening
Gebed; Liefdegawe (Diakonie - Groot boks en GKSA: Sustentasie - Klein boks); Sing Sb. 14 - 4: 1, 2, 4; Seën; Amenlied: Sb 13-2.

17:00 AANDDIENS: Ds. Piet Venter

Tema: Die vreugde en vrede van God vir "slawe" in sy diens.

Dawid verwoord in Psalm 16 op uitnemende wyse die voorregte, die vreugdes en die vrede van ons "slawelewe" in diens van God. Hy leer ons hoe ons met liefde, lof en dank daarop reageer.

Lofsang met die oog op die erediens
Ps. 146 - 2: 1, 3, 6; Ps. 149 - 1: 1, 2;
Ps. 16 - 1: 1, 3

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Ps. 9 - 1: 1, 7, 10; Votum; Seën; Loflied Ps. 8 - 1: 1, 3, 4, 5, 7; Gebed

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: Psalm 16;
Teksverse: Ps. 16: 5 - 6; Woordverkondiging

Ons antwoord op die Woordbediening
Gebed; Liefdegawe (Diakonie - Groot boks en GKSA: Sustentasie - Klein boks); Sing Ps. 16 - 1: 1, 3, 6; Seën; Amenlied: Sb 13-3.

Gebedsfokus vir Augustus 2025

"*En dit alles is nodig omdat julle weet hoe laat dit al is. Die uur is reeds daar dat julle uit die slaap moet wakker word, want die tyd van ons finale verlossing is nou nader as toe ons tot die geloof gekom het*."

ROMEINE 13:11 AFR83

Hemelse Vader,

Ons dank U vir die wonderlike voorreg om deel te wees van U familie – 'n gemeenskap van gelowiges wat mekaar dra, aanmoedig en tot groei inspireer. Laat ons nooit alleen probeer aanbeweeg nie, maar help ons om mekaar vas te hou in liefde, mekaar te versterk in geloof, en mekaar aan te vuur tot volgehoue toewyding en diens.

Here, ons erken ook die spesiale gawes wat U Heilige Gees aan elke gelowige gegee het. Maak ons bewus van hierdie gawes en help ons om dit met nederigheid en vreugde te gebruik in diens van U koninkryk en tot seën van ander. Laat geen gawe ongebruik of onontgin bly nie, maar laat ons gemeente 'n plek wees waar U Gees vryelik in en deur almal kan werk.

Laat U Naam verheerlik word deur die eenheid en diens van U kinders. In Jesus se naam, Amen.

MEELEWING

- Kinnie Yssel het haar heup gebreek en is Dinsdagaand geopereer en sterk aan in Medikliniek.
- Annatjie Duvenage is in Medikliniek opgeneem vir dialise en gaan in M-Care aansterk.

BAIE GELUK

Oom Jan-Ernst en tannie Rose Oosthuizen was op 31 Julie, 66 jaar getroud! Baie baie geluk! Dit is so 'n mooi voorbeeld vir almal!

ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Estette Bredenkamp, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage, Bettie Niemand, Rita Schutte, Marianna Kruger en Marianna du Plessis.

BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

Vandag
09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenderediens
Kleuterbediening
Bediening aan Gr 1 - 4: agterste saal
Katkisasie - Les 20 - neem kennis van die nuwe lokale (sien bl. 4)!
Tee en Koffie
17:00 Aanddiens

Maandag
18:00 Kersmark: Bemarking

Dinsdag
17:00 Eiendommedg.
18:00 Katkisasie gr. 8 - 10

Woensdag
09:30 Bybelstudie
18:00 Katkisasie gr. 11

Saterdag
09:00 Kanker-fondsinsamelingsdag by CycloDNA (voorbereidings vanaf 08:00)

AFKONDIGINGS

- Liefdegawes vandag: Diakonie (Groot boks) en GKSA: Sustentasie (Klein boks), Zapper-betaalmetode beskikbaar.
- Gawes volgende Sondag by die deure vir ons eie Diakonie.
- Diensbeurt: Groep 10 en 11.

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

Sondag, 10 Augustus
Br Michiel de Kock
Sr Vanessa Fourie
Sr Henda Joubert

Maandag, 11 Augustus
Sr Lana Laufs
Br Willie van der Walt
Br Johan Visser

Dinsdag, 12 Augustus
Sr Annette Coetzee
Sr Salomé Romylos

Woensdag, 13 Augustus
Br Hardus Kruger

Donderdag, 14 Augustus
Br Chris de Bruyn
Sr Emily Hefer *
Sr Truida van der Walt

Vrydag, 15 Augustus
Br Zard Aucamp
Br Roelf Botha *
Jbr Riaan de Kock

Saterdag, 16 Augustus
Sr Barbara Coetzer

***** Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

EK EN MY KIND: BETROKKENHEID BY MY KIND EN DIE SKOOL (NR 3)

In artikel 1 het ons gefokus op die opvoedingstaak van die ouer. Daarna het ons in artikel 2 klem daarop gelê dat ‘n ouer se betrokkenheid by die skool, begin by sy betrokkenheid by die kind self. Ons sluit af met artikel 3, waar ons fokus op maniere hoe ouers by die skool kan betrokke raak.

Baie ouers dink dat hulle betrokkenheid by die skool slegs deur middel van hul deelname aan die beheerliggaam kan plaasvind. Om lid van die skoolbeheerliggaam te wees, is ‘n groot voorreg en ‘n wonderlike manier om betrokke te wees by u kind se skoollewe. Ongelukkig is dit vir baie min ouers beskore. Slegs enkele ouers van ‘n skool kan op ‘n beheerliggaam verkies word.

U betrokkenheid by die skool begin egter reeds as u slegs opdaag vir die verkiesing van beheerliggaamlede. Dit is baie belangrik dat die regte persone verkies moet word: Hulle wat werklik die belange van die skool op hul hart dra en wat sal veg vir die aard, karakter en etos van die skool. As u uself beskikbaar stel, moet dit die redes wees hoekom u dit doen. Dit gaan oor die welsyn van die skool, nie vir u eie gewin of om moontlik u kind te bevoordeel nie.
Daar is baie moontlikhede vir ouers, wat nie op die beheerliggaam dien nie, om betrokke te raak by die skool. Komiteestelsels word

algemeen by skole toegepas. Daar is etlike komitees, waarby u kennis en vaardighede kan inpas. Sommige komitees wat aktief by skole funksioneer: Finansiële -, Dissiplinêre -, Geboue en terrein -, Kulturele -, Akademiese -, Sport -, Sosiale komitee. Daar is nog ander, afhangende van die behoeftes van die skool. Dit is belangrik om hierby betrokke te raak sodat die Christelike waardes en norme mag deursuur in die beheer van die skool. Ons mag nie afsydig staan en net kritiseer nie.

Onthou dat die skoolhoof of die voorsitter van die beheerliggaam u nie noodwendig ken nie. Hulle weet nie watter vaardighede, kennis en ervaring u het nie. Gaan meld aan. Stel uself beskikbaar. Moenie u talente onder 'n maatemmer verberg nie. Die Here het aan u gawes gegee om te gebruik tot Sy voordeel, ook by u kind se skool. Moenie deel van die stilswyende meerderheid wees wat eenkant staan, al die voordele wil geniet, graag beterweterig is, maar nie bereid is om self moue op te rol nie. Wees ingelig wat by die skool aangaan.

Praat met u kind (sien artikel 2). Volg die nuusbriewe. Dit word deesdae op baie platforms versprei. Woon oueraande by. Besoek al die onderwysers (nie net die Wiskunde-onderwysers nie). Meeste skole hou graadvergaderings en inligtingsaande, en dit word soms gekombineer met sosiale funksies om mekaar beter te leer ken. Die praktyk wys dat laerskoolouers baie betrokke by hul skole en kinders is. Dit hou nog in 'n mate tot by die juniorfase in die hoërskool. Veral vanaf graad 10 en hoër, raak die ouers heeltemal onbetrokke. Moet u asseblief nie daaraan skuldig maak nie.

Geniet u kind se skoolloopbaan saam met hom/haar. Dit is tot almal se voordeel. Bid elke dag vir u kinders. Hulle word aan allerhande elemente blootgestel. U moet hulle begelei om na skool in 'n volwasse wêreld in te stap waarin hulle hulself moet kan handhaaf as Christene. Psalm 119:9 : "Waarmee sal die jongeling sy pad suiwer hou? Deur dit te hou na u woord"

JEUGBEDIENING

Ons vra ons ouers en kinders se hulp met die meningspeiling hier onder om die jeugaksies spesiaal te maak.

Vul asb. die vraelys op QR-Kode in of gebruik die skakel vir jou terugvoer:

https://forms.gle/vRBzGgF9Zb1hWFMo6

EREDIENSBEGELEIDING GR 1 - 4

Soos vir die voorskoolse kleuters, begin ons vandag ook met erediensbegeleiding en gerigte Woordbediening vir kinders van Gr. 1 - 4 tydens die preek. Hierdie kinders kan vanmore in die agterste saal bymekaar kom vir hulle bediening. Dit is 'n vrywillige bywoning en ouers besluit oor die kinders se deelname.

KATKISASIELOKALE GR 1 EN GR 7 - 11 VERANDER - OUERS EN KINDERS NEEM KENNIS

Gr. 1 - Verskuif na klein Moederskamer

LOKALE IN PASTORIE

Gr. 7: Chris Storm - Pastorie gastekamer
Gr. 8: Hendrik vd Walt - Pastorie hoofslaapkamer
Gr. 9: Cindy du Plessis - Pastorie tweede slaapkamer
Gr. 10: Paul Smit - Pastorie studeerkamer

Gr. 11: Johan Bezuidenhout - Pastorie eerste slaapkamer

Hoe kom ons daar? Loop deur die staalhek langs die toring na die pastorie en gaan deur die skuifdeur in. Lokale is duidelik gemerk en aangedui.

TOPIA NUUS:
Ds. Johannes laat weet uit Mosambiek

Die dorpie Milange: 35 kerkleiers saam. Waarom is ons hier?
"As jy 'n Christen raakloop, is hy nie soos 'n vriend nie, maar soos 'n slang."
Dit is die woorde van een van die kerkleiers wat eens 'n Moslem voorvader
aanbidder was. Om 'n Christen te word, is om jou familie, gemeenskap en tradisie te verraai. Waar jy eens deel was, is jy nou alleen.

Ps. 135:18 leer dat ons word soos die afgode wat ons maak en vertrou. Die geeste vergewe nie, die geeste dwing af deur vrees, die geeste straf. Waag jy om anders te wees, weet jy wat vir jou voorlê.

Ds. Danie Murray, wat al vanaf 1994 in die noorde van Mosambiek bedien, verstaan die agtergrond en die stryd van die 32 broers wat voor hom sit. Hy het al saam met die meeste van hulle aan huis gelag en gehuil. Hy verstaan die eensame stryd en bespotting van hom wat die sogenaamde witmense se God dien en verkondig.

Daarom begin hy bemoedig en aanspoor uit Efesiërs 2. Nie een van ons was Jode nie - ons almal hier (Mosambiek, Malawi en Suid-Afrika) val in die groep van die heidene wat ver van God af was. In Christus het God egter naby aan ons gekom en het Hy ook die muur wat tussen ons was, afgebreek. God is naby aan ons en Hy praat met ons.

Daar word deurgaans klem gelê op die verhouding met God. Nie bloot kopkennis nie, maar hartskennis in 'n dinamiese verhouding. God praat en ek reageer. Hierdie nabye verhouding waar God met my praat en ek reageer op wat God gesê het, is deur die loop van die dag herhaaldelik ingeoefen.
Die boodskap is duidelik. Jy is nie alleen nie, God is by jou.

GKSA-NUUS

Beroep ontvang
Ds PGP (Pieter) le Roux van GK Wonderboompoort na GK Kuruman.

BAIE DANKIE AAN ONS BORG DIE WEEK!

.

“PEDAL FOR PURPOSE – CYCLING TO BEAT CANCER,

ONE RIDE AT A TIME”

Die HELE gemeente, oud en jonk, word genooi om in hierdie dag,
Saterdag, 16 Augustus te kom deel.
Ons samel hiermee geld in om kanker-pasiënte te ondersteun!
Boereworsrolle, pannekoek en koffie te koop!
Heerlike vermaak vir die jongspan! Bring julle fietsies saam, daar is ‘n spesiale baan vir julle om op te ry.

MERK DIE DATUM OP JOU KALENDER EN KOM GENIET “ ‘N DAG MET ‘N DOEL”, SAAM MET ONS!



SUSTERS

"'N KNAP VROU IS BAIE WERD, BAIE MEER AS EDELSTENE." – SPREUKE 31

SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus die "Zapper App" aflaai en dan hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

TEESKINK-GELEENTHEID

Tee, koffie en sap word vandag na die oggenddiens in die Skuur bedien.

Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:

Ansie Jordaan en groep 3, Marietjie Riekert en groep 11, Mariana Plotz en groep 21, asook Anelle Venter en groep 29.

BLIKKIES-WARMHARTE (WARM-HARTE WERK WONDERS)

Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan. Bring gerus vir ons daardie kleingeld wat julle in grendeltyd opgegaar het vir hierdie fonds.

Baie dankie vir julle getroue bydraes!

KWARTAAL-PROGRAM

DERDE KWARTAAL				
DATUM	**DAG**	**TYD**	**WIE**	**WAT**
16-Aug	**Saterdag**	**08:00 vir 09:00**	**Almal**	**Kansa-fondsinsameling**
12-Sep	Vrydag	17:00 - 18:00	A	Wegneemetes (Gesamentlik)
21 Sept	Sondag	19:00	B	Ouderlingverversings
28 Sept	Sondag	12:00	D	Nagmaalete
6 Okt - 10 Okt	Week	08:00 en 11:00	Naamlys	Kinderfees

Oosdoppertjie-Jeugbediening

1. Bediening vir voorskoolse jeug tydens eredienste

Gedurende die skoolkwartaal bied ons vir die voorskoolse jeug 'n georganiseerde program aan, terwyl Woordverkondiging plaasvind. Die kleuterbediening vind plaas deur 'n lessie wat op die kleuters se vlak aangebied word, asook speletjies, samesang en gebed. Kleuters van 3jr tot Gr R is welkom om by ons aan te sluit. Enigiemand wat die behoefte het om betrokke te raak by kleuterbediening, is welkom om Tineke te kontak.
Kontakpersoon: Tineke van Rooyen (084 657 1019)

ALGEMENE INLIGTING

LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 082 779 1237 (Let wel: Pastorie het nie meer 'n landlyn nie!)
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Ds. Daan Bakker - 082 829 8456
Kerkkantoor: **Adele – 067 713 2332 - nuwe nommer!**/ kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

BANKBESONDERHEDE

Geref. Kerk Potchefstroom-Oos
ABSA Bank
Tjekrek: 670 340 066
Takkode: 632-005

Diakonie
ABSA Bank
Tjekrek: 670 280 160
Takkode: 632-005

Susters (Nuwe rek)
FNB
Tjekrek: 631 043 29130
Takkode: 250 655

SOSIALE MEDIA

WhatsApp: 067 713 2332
Facebook: www.facebook.com/oosdoppers
Webblad: www.oosdoppers.co.za
Erediens videobank: http://ow.ly/ivfZ309vsdc

Intydse erediensuitsendings op YouTube by: Oos-Doppers Potch